

## Woensdag 26 Junie

**Skrifgedeelte: Jesaja 53:10-12**

**Fokusgedeelte: Jesaja 53:11**

### Daar is versadiging vir sy toorn

God se toorn oor die sonde is verskriklik – Hy wil dit tydelik en ewig met 'n regverdige oordeel straf (HK 4:10). In die lig hiervan verstaan ons dan watter groot troos en versterking daar in hierdie gedeelte vir ons lê:

- God verbrysel die Dienskneg ('n kort woordjie wat in 'n sekere sin die totaliteit van sy lyding omvat) en bied sy siel as skuldoffer aan.

Hy wys nie bloot die wil van God aan die mens nie, maar *volbring* dit. Die doel? Om deur sy moeitevolle lyding die toorn van God oor ons ongeregtigheid te *versadig* (vs 11).

Christus neem ons skuld op Hom en word die *teiken* van God se toorn. Die toorn van God kon net gestil (versadig) word wanneer die ewige en regverdige straf op die liggaam en siel van die Middelaar afkom.

God verheerlik dan die Dienskneg deur Hom die lig van die lewe te laat sien – Hy wek Hom uit die dood uit op. En deurdat God Hom uit die dood opgewek het, weet ons God is tevrede dat die straf volledig deur sy Seun, ons Middelaar, gedra is.

Ons wat deur Hom regverdig gemaak is, is sy nageslag en behoort aan Hom. Deur sy Gees lei Hy ons sodat ons hoe langer hoe meer aan sy beeld gelykvormig raak.

Dit is hierdie nuwe begin wat die Nagmaal aan ons verkondig: die brood en wyn teken die offer wat volbring is en laat ons uitsien na die Bruilofsmaal van die Lam waarin ons in heerlijkheid by God sal wees.

*Sing: Psalm 6-1:1*

*Ds. J-L Lee (Jan-Louis) (Pietersburg-Noord)*